'n Leier in Rekeningkundige Onderrig

Rekeningkunde@UJ

HERDEFINIEER. HERONTDEK.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG

KORPORATIEWE BEHEER EN KONTROLES (GAC3AB)

Finale Assesserings Geleentheid

1 Junie 2016

EERSTE EKSAMINEERDERS: **Me Rozanne Smith**
Me Belinda Schutte

TWEEDE EKSAMINEERDERS: **Prof Ben Marx**
Me Vanessa van Dyk

EKSTERNE MODERATOR: **Mr Andre van der Zwan**

TOTALE TYD: **2ure en 30 minute**

TOTALE PUNTE: **125 punte**

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **ses** bladsye. Indien jou vraestel nie al die bladsye bevat nie, steek asseblief jou hand op sodat 'n ander vraestel aan jou verskaf kan word.
2. Beantwoord al die vrae.
3. Bereken die tyd wat jy aan elke vraag sowel as elke deel van die vraag moet spandeer deur die aantal punte met 1.2 te vermenigvuldig. Die antwoord gee vir jou die tyd in minute wat aan elke vraag en deel van die vraag spandeer moet word. Bly by die tydsbeperking, anders gaan jy nie die vraestel in die gegewe tyd voltooi nie.
4. Trek alle (selfs enkel lyne) oop spasies op jou vraestel dood met 'n pen. **Bladsye met oop spasies sal wel gemerk word, maar sal nie in aanmerking wees vir 'n hermerk nie.**
5. Geen tippex of potlood mag op die antwoordstelle gebruik word nie. Bladsye wat tippex of potlood bevat sal gemerk word, maar sal nie vir 'n hermerk in aanmerking kom nie.
6. Al die eksamenregulasies van UJ en die beleids dokument vir studente van die Department van Rekeningkunde is voor, gedurende en na die eksamen van toepassing.
7. Die netheid, aanbieding en openbaarmaking van jou antwoorde sal in ag geneem word tydens die merk van jou vraestel.
8. Lees die vrae noukeurig. As daar van jou verlang word om 'n verduideliking te verskaf, moet vol sinne gebruik word.

VRAAG 1 **(60 PUNTE)**

CTT Rekenaars (Edms) Bpk is 'n maatskappy wat spesialiseer in die vervaardiging van rekenaar hardeware, asook die lewering van konsultasie dienste aan kliënte wat graag advies oor hul gerekenariseerde stelsels wil hê. Hulle het 'n paar takke in Gauteng en Kaapstad. Jy is genader deur die Hoof Risiko Beampte, Mnr Gerald Dlamini, om hulle te help met hul interne beheerstelsels, sowel as om advies te voorsien op een van hulle kliënte.

Hier is die e-pos wat Mnr Dlamini aan u gestuur het met betrekking tot die advies wat hulle benodig van jou:

Aan: ujstudent@uj.ac.za
CC: belinda's@ctt.co.za
Onderwerp: Advies nodig
Geagte Student Baie dankie vir u bereidwilligheid om ons te help met ons interne beheerstelsel, sowel as die verskaffing van 'n professionele mening oor een van ons kliënte. Jy sal sien ek het ook hierdie epos aan ons Hoof Uitvoerende Beampte (HUB), mev Belinda Schutte gestuur. Aangesien ons rekenaar hardeware vervaardig en aan groot groothandelaars lewer, moet ons 'n behoorlike interne beheerstelsel implimenteer. **<u>Vind asseblief hieronder ons volledige stelsel beskrywing vir produksie:</u>** Die rou materiale word almal netjies gestapel in kaste in die produksie kamer. Elke werknemer weet waar die rou materiale is en neem die materiaal wat hulle nodig het om die bestelling te voltooi. Daar word van hulle verwag om die materiaal wat hulle verwyder uit die kas neer te skryf. Werknemers het erken dat wanneer hulle baie besig is, dat hulle nie altyd al die materiaal wat hulle verwyder, veral die goedkoper materiaal, neerskryf nie. Aangesien dit die goedkoper materiaal is, is ons nie te bekommerd oor hierdie nie. Daar is hoofsaaklik drie fases in die produksieproses. Die werknemers sal die goedere inspekteer voordat hulle na die volgende fase beweeg. Indien 'n werknemer gelukkig is met die gehalte van die produk, kan die produk na die volgende fase in die produksie beweeg. Sodra die produksie-proses voltooi is, word 'n gehaltebeheer inspeksie uitgevoer deur die werknemers om enige klaarblyklike gebreke op te spoor voordat die vervaardigde goedere na die voltooide goedere stoor gestuur word. Sodra die werknemers gelukkig is met die gehalte van die goedere, dra hulle die goedere oor na voltooide goedere. **<u>Mening oor Waterworx (Edms) Bpk:</u>** Ons het permissie by Waterworx (Edms) Bpk ontvang om hulle inligting te openbaar sodat u ons kan help met advies. In terme van die advies wat ons op een van ons kliënte vereis, sien asseblief die gedetailleerde inligting oor hierdie hieronder kliënt. Ons kliënt, Waterworx (Edms) Bpk wil omskep van 'n aangekoopte gerekenariseerde stelsel na 'n self-ontwikkelde gerekenariseerde stelsel. Waterworx (Edms) Bpk het ons gevra om hulle te help met hierdie proses. Kan jy asseblief vir ons leiding gee oor hoe ons kliënt te werk sal gaan om dit te doen? Die huidige gerekenariseerde stelsel wat Waterworx (Edms) Bpk word gebruik vir funksies soos volg:

Kliënte bestellings met die ontvangsdame, hetsy per telefoon of per e-pos geplaas. Sodra sy die bestelling ontvang stel sy die klient se te boek op 'n elektroniese interne verkope bestellings. Die volgende besonderhede moet voltooi word op die stelsel ten opsigte van die bestelling: die datum, die naam van die kliënt, die hoeveelheid van die goedere, die pryse van die goedere en die rekeningnommer indien die kliënt op krediet wil aankoop. Kredietlimiete word nooit geverifieer vir kliënte wat op krediet koop nie. Wanneer die ontvangsdame die interne verkope bestelling voltooi het, sal sy die bestelling laai en dit sal dan aan die stoorkamer gestuur word, waar 'n elektroniese ontrekkingsnota geskep word en die goedere dan opgetel word. Sodra al die goedere opgetel is, word die goedere gestuur om afgelewer te word.

Ons sien uit na jou terugvoer op die inligting hierbo verstrek.

Vriendelike groete

Gerald Dlamini
Hoof Risiko Beampte
CTT Rekenaars (Edms) Bpk

Van u word verlang om:

a) Identifiseer en beskryf die swakhede in die produksie-proses, en vir elke swakheid bied 'n aanbeveling. (16)
b) Verduidelik in detail die rekenaar omskakeling proses wat CTT moet voorstel hul kliënt moet gebruik. (10)
c) Watter kontroles moet CTT voorstel Waterworx (Edms) Bpk moet implementeer om te verseker dat enige toekomstige veranderinge wat hulle op hul nuut ontwikkelde stelsel maak volledig en geldig is. (6)
d) Rugsteun van inligting is uiters belangrik. Verduidelik aan CTT hoe Waterworx (Edms) Bpk hul inligting moet rugsteun. (4)
e) Bespreek die toepassingskontroles, wat jy sou verwag in die nuwe ontwikkelde verkope bestel stelsel van Waterworx (Edms) Bpk om te verseker dat die ontvang van bestellings akkuraat aangeteken word en volledig is. (20)

Presiesheid en interpretasie punte (4)

VRAAG 2 **(40 PUNTE)**

Vry Om Jy Te Wees (Edms) Bpk (hierna bekend as Vry) is een van Suid-Afrika se voorste aanlyn-mode kleinhandelaars. Items op Vry sluit in dames en mans klere sowel as kinders en babas se klere van plaaslike ontwerpers, verskaffers en internasionale handelsmerke en etikette.

Jy is genader deur die besturende direkteur Mev Caroline Koto om Vry te help bepaal of die interne beheerstelsel vir hulle inkomste-afdeling effektief en doeltreffend is. Mev Caroline Koto het jou voorsien met hul huidige interne kontrole telsel vir die inkomste-afdeling. Die stelsel beskrywing is hieronder gelys:

Inkomste stelsel van Vry Om Jy Te Wees (Edms) Bpk
1. Kliënte plaas bestellings met die ontvangsdame, Vanessa per telefoon. Met die ontvangs van 'n bestelling van 'n kliënt sal Vanessa 'n internebestellingsnota optrek wat numeries is, die hoeveelheid bestel spesifiseer, bevat die pryse van goedere per die amptelike pryslys, bevat die naam van die kliënt en word gemagtig deur die krediet bestuurder. 2. Kliënte word toegelaat om op krediet te koop en sou hulle wou op krediet koop moet die volgende proses gevolg word. Kredietlimiete word vasgestel vir alle krediet kliënte na goedkeuring van hul kredietwaardigheid en geen krediet word toegestaan vir nie-kredietwaardig kliënte nie. 3. Die internebestellingsnota word dan deur gestuur na die stoorkamer. Met die ontvangs van die internebestellingsnota, sal die stoorkamer klerk begin om die goedere uit die stoorkamer te onttrek. 4. Sodra al die goedere onttrek is, word 'n afleweringsnota voorberei, wat numeries is en beskryf die hoeveelheid en die goedere. Die stoorkamer sal dan die drywer bel om hom te laat weet dat die goedere gereed is om afgehaal en afgelewer te word. 5. Wanneer die drywer die goedere kom afhaal, ontvang hy die afleweringsnota wat hy dan teken as bewys dat hy wel die goedere ontvang het. 6. By die verlaat van die stoorkamer sal die sekuriteitswagte die goedere tel en dit vergelyk met die afleweringsnota. Die sekuriteitswagte sal dan die afleweringsnota teken en die stoorkamer hek vir die drywer oopmaak. 7. Wanneer die bestuurder arriveer by die kliënt sal hy die kliënt met die afleweringsnota voorsien sodat hulle kan teken as bewys van ontvangs van goedere. Sodra die bestuurder terug kom by Vry gee hy die afleweringsnota aan die rekenmeester, Nico. 8. Nico sal dan begin om die faktuur vir die kliënt voor te berei. Die hoeveelhede op die fakture word verkry van die afleweringsnota en die prys op die faktuur word verkry vanaf die amptelike pryslys. 9. Sodra die faktuur gegenereer is word die berekeninge deur 'n onafhanklike persoon hersien en die persoon sal die faktuur teken as bewys van uitvoering.

Mev Caroline Koto het ook aan jou genoem dat hulle nuwe interne beheermaatreëls geimplementeer het vir wanneer hulle hul verskaffers betaal. Sy het jou voorsien met die volgende stelsel beskrywings ten opsigte van hul betaling afdeling. Die stelsel beskrywing is hieronder gelys:

Betaling afdeling van Vry Om Jy Te Wees (Pty) Ltd
1. Krediteure betalings word gestaaf deur die volgende: • tjekbetalingsaanvraag • krediteure staat • krediteure rekonsiliasie • aankoopbestelling, goedere ontvangs nota, afleweringsnota en faktuur

2. Alle betalings aan krediteure word geskied op grond van 'n tjekaanvraag en word gemagtig deur 'n senior amptenaar.
3. Daar is twee tjektekenaars wat ondersteunende dokumentasie nagaan en kanselleer, voordat die betaling plaasvind.
4. Betalings word geallokeer vanaf die betalingsadvies na individuele krediteurrekening en die totaal na die krediteure kontrolerekening.
5. Betalingsadviese word numeries verantwoord en ontbrekende nommers word opgevolg.
6. Alle berekenings op die rekonsiliasies word nagegaan deur 'n onafhanklike persoon

Van u word verlang om:

a) Beskryf die beheermaatreël toetse wat jy sal uitvoer met betrekking tot die kontroles in die inkomste afdeling van Vry om te bepaal of die beheermaatreëls wat hulle geïmplementeer het doeltreffend werk in die aanspreek van die risiko's. (30)

Let wel: U antwoord moet in tabelvorm aangebied word, soos hieronder aangedui:

Interne beheermaatreël	Beheermaatreëltoetse
Neem asseblief kennis dat jy nie nodig het om weer die interne beheermaatreëls neer te skryf nie. Jy word versoek om die nommer van die kontrole te lys in hierdie kolom soos per die senario.	Verskaf ‘n gedetailleerde beskrywing van die beheermaatreëltoets in hierdie kolom.

b) Vir elk van die interne kontroles wat Vry volg in hulle betaling afdeling, verskaf die risiko wat Vry aanspreek deur die implementering van die interne kontrole. Verskaf ook die kontrole doelwitte wat Vry bereik deur die implementering van die interne kontroles. (10)

Let wel: U antwoord moet in tabelvorm aangebied word, soos hieronder aangedui:

Nommer soos per senario	Risiko wat aangespreek word	Kontrole doelwit

VRAAG 3 **(25 PUNTE)**

Peter en Paul Sekuriteit (Edms) Bpk (Hierna P & P) is 'n gewapende reaksie maatskappy wat in die Oos-Rand bedryf. Hulle fokus spesifiek op gebiede in Alberton en Kempton Park. Die finansiële bestuurder, Simphiwe Lion, het jou hulp gevra met hulle betaalstaat voorbereiding en betaling funksies. P & P betaal weeklikse lone aan hulle veiligheidswagte.

Simphiwe het jou met die volgende inligting voorsien met betrekking tot hulle betaalstaat voorbereiding en betaling funksies:

- Die betaalstaat ure wat aangeteken word word direk verkry vanaf die werknemers omrede hulle presies weet hoeveel huis besoeke hulle gedurende die week gehad het;
- Die lone verskil van een sekuriteitswag na die volgende. Vir hierdie rede skryf Simphiwe die tariewe in sy dagboek om te verseker dat elke werknemer die tarief betaal word waarop daar ooreengekom is die dag toe hulle aangestel is;
- Simphiwe is die enigste persoon wat die voorbereiding, magtiging en betaling van die lone hanteer. Dit is te danke aan die feit dat die inligting vertroulik is en nie met enige iemand gedeel moet word nie;
- Geen rekonsiliasies word vir lone uitgevoer nie omrede Simphiwe verseker dat alle berekeninge korrek uitgevoer word;
- Die loon tjek word deur Simphiwe uitgemaak, en hy neem dit dan na die bank om te ruil vir kontant. Hy doen dit om 09:00 soos hy elke Vrydag oggend doen. Hy stop altyd by die KFC vir 'n wegneem-koffie nadat hy die tjeks het gebank het, en gaan dan terug na die kantoor;
- Simphiwe verseker dat al die betaal pakkies opgemaak en gereed is om afgehaal te word deur die werknemers;
- Simphiwe verseker dat daar geen kontant oorbly nadat die betaal pakkies gevul is nie. Op hierdie manier weet hy dat hy geen foute gemaak het terwyl hy die pakkies met kontant gevul het nie.
- Die naam van die werknemer word op die loon pakkie geskryf. Simphiwe plaas die loon pakkies in 'n boks in sy kantoor vir al die werknemers om af te haal deur die loop van die dag. Uitbetalings is altyd op 'n Vrydag.
- Simphiwe behou die onopgeëiste lone en sluit hulle in 'n kluis toe. Hy doen gereelde rekonsiliasies van die onopgeëiste lone op hand en teken enige ongewone voorvalle in die register aan. Alle onopgeëiste lone wat nie binne twee weke afgehaal word nie word gebank en 'n afskrif van die depositostrokie word aan die register geheg.

Van u word verlang om:

Identifiseer die swakhede vanuit die bogenoemde senario, en vir elke swakheid bied 'n interne kontrole wat P & P moet implementeer om die swakheid aan te spreek. (25)

Verskaf asseblief jou antwoord in tabelvorm soos volg:

Swakhede	Interne Kontroles